# HOOFSTUK II.

## SY VERNAAMSTE AKTIWITEITE OF BYDRAES.

„In Julie 1924 het die heer J.E.Adamson ook afgetree as Direkteur van Onderwys na 'n onafgebroke dienstyd vanaf 1905. In elke sfeer van die Departement se werk het die afgetrede Direkteur sy merk gelaat."1)

In die lig van bostaande aanhaling verdien sy vernaamste bydraes 'n vlugtige oorsig.

(a) Die Groei van die Onderwys onder sy leiding.

1. Blanke Onderwys Groei.

(i) Laerskole. Om 'n duideliker beeld van die toestand, wat Adamson se ampstermyn as Direkteur van Onderwys in Junie 1905 voorafgegaan het, te kry, word die ontwikkeling op onderwysgebied in die verowerde Republiek kortliks oorsien.

Met die verowering van die Zuid Afrikaansche Republiek in 1900 het die heer E.B.Sargant, 'n kenner van onderwystoestande in verskeie Britse kolonies op die Transvaalse onderwystoneel as spesiale staats-onderwysraadgewer verskyn en die toestand wat hom aangebied is, het uit 'n paar privaat skooltjies bestaan wat hy reeds in 1901 deur kampskole sou aanvul. Van hom was dit verwag om leerkragte, skoollokale, boeke en ander skoolgereedskap te verskaf aan 'n steeds groeiende aantal leerlinge in die steeds groter wordende kampe. In die 13 konsentrasiekampe was daar in Januarie 1902 , 12,046 en in Mei 17,213 leerlinge. In die stede en dorpe se laerskole was die ooreenstemmende getalle in Januarie 1902, 6,842 en in Mei 10,727 leerlinge. Hierbenewens het 'n 46 „vrye" en „skoolgeldheffende" skole in Mei 1902, 7,457 leerlinge versorg.

Nadat die stede en dorpe georganiseer was kon die Departement sy aandag aan die organisasie van die platteland wy. In 1902 het die 72 plattelandse skole met 2,241

1) Onderwys in Transvaal, Prof.J.C.Coetzee, bls.168.

leerlinge, in Desember 1903 aangewas tot 259 skole met 9,016 leerlinge, terwyl 1904 , 269 skole met 9,965 leerlinge aantoon en 1905, 272 skole met 9,596 leerlinge.

Die groei van die laeronderwys in die stede en dorpe word beste geteken deur hierdie vergelyking: In Mei 1902 is daar 90 van hierdie skole met 10,727 leerlinge wat teen die end van 1904 tot 106 skole met 16,829 leerlinge aangewas het en reeds in Junie 1905 op 109 skole met 17,959 leerlinge gestaan het, d.w.s. Adamson kon in Junie 1907 'n Onderwysdepartement oorneem wat reeds vir 27,555 leerlinge in 381 skole voorsiening gemaak het.

Onder selfbestuur en die koms van die Smutswet in 1907 het die beleid van sentralisasie, wat reeds onder kroon-kolonie-bestuur aandag geniet het, verder ontwikkel. Volgens die jaarverslag van 1909-10, was groot plaasskole met van 50 tot 100 leerlinge met die nodige koshuise reeds 'n bekende verskynsel. Uit 'n totaal van 18,400 plattelandse leerlinge was 3,500 reeds aan sentrale plaasskole verbonde.

In hierdie jaar bestaan daar reeds 725 skole met sowat 48,000 leerlinge en beloop die onderwysuitgawe reeds meer as 'n half-miljoen pond per jaar, teen 'n jaarlikse koste van £7.13.11 per laerskool-leerling.

Die beleid van sentralisasie het Adamson onontbeerlik geag vir die sukses van 'n progressiewe onderwysbeleid wat voorsiening vir middelbare onderwys in die hand kon werk.

Die vordering van onderwys onder Provinsiale beheer vanaf 1910 bring sentralisasie, middelbare onderwys en die toeneming van die aantal skole en leerlinge op die voorgrond.

In 1911 huisves 706 skole 54,882 leerlinge teen 'n onderwysuitgawe van £617,000 en 'n kostesyfer van £9.7.9 per leerling. In 1914 daarenteen is daar 65,953 leerlinge in die 764 skole teen 'n kostesyfer van £9.10.11 per leerling en 'n globale onderwysuitgawe van £757,000.

Gedurende die oorlogsjare (1914-18) kon ongunstige landsomstandighede daar ook nie in slaag om verdere merkbare vordering te demp nie. In 1918 versorg 800 skole nie minder as 104,000 leerlinge nie.

In die na-oorlogse jare is daar in 1919, 106,322 leerlinge in die 1086 skole wat in 1923 tot 1,182 skole en 127,549 leerlinge aangroei met respektiewe onderwysuitgawes van £1½ en £2½ miljoen, d.w.s. 'n vermeerdering van 801 skole en sowat 100,000 leerlinge op die syfers waarmee Adamson sy taak aanvaar het.

Voor die koms van selfbestuur in 1907 het 'n beweging bekend as die „Vrye Christelike Nasionale Skole" so in omvang gegroei dat dit die staatsskole byna verdring het. En hoewel die ideaal van hierdie C.N.O.-skole vandag nog in Suid-Afrika voortleef, het Genl. J.C.Smuts, daarin geslaag om hierdie skole deur die 1907 Onderwyswet in die staatsnet te betrek. Die 115 C.N.O.-skole met 4,700 leerlinge is dus na 1907 geleidelik onder die staatssorg geneem. In verband met hierdie netelige saak, het Adamson steeds 'n besliste maar verdraagsame beleid beoefen.

(ii) <u>Hoëronderwys:</u>

Hoëronderwys moes na die Anglo-Boere-oorlog feitlik 'n nuwe begin maak. Die Sargant-onderwyswet van 1903, sowel as die Smutswet van 1907 het hierdie saak egter as 'n hoogs belangrike beskou. Op aanbeveling van die „Transvaalse Kommissie vir Hoëronderwys, 1907" is daar in 1908 universiteitsklasse in Pretoria vir die onderrig in lettere, wysbegeerte, wis- en natuurkunde geopen. In Johannesburg het die „Suid - Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie" tot stand gekom en die Landbouskool op Potchefstroom het vanaf 1909 in werking getree. Op Onderstepoort, Pretoria, is daar in 1906 fondse vir 'n nuwe laboratorium deur die regering beskikbaar gestel.

Reeds in 1908 bedien drie normaalskole, naamlik, Pretoria, Johannesburg en Heidelberg die Provinsie in die opleiding van onderwysers(esse), waar sowat 200 studente jaarliks kursusse deurloop het. Aan die end van Adamson se ampstermyn het hierdie inrigtings tot vyf aangegroei, t.w. ook Ermelo vanaf 1921 en Potchefstroom vanaf 1923, met 'n globale inskrywing van 571 aspirante in 1923.

In 1916 is die universiteitsvraagstuk deur Universiteitswette nos.12, 13 en 14 opgelos wat tot die ontstaan van die Uniwersiteit van Suid-Afrika gelei het. Die Universiteit van Suid-Afrika sou eintlik uit 'n aantal samestellende kolleges bestaan. Met Unifikasie sedert 1910 is alle hoër-onderwys onder die beheer van die sentrale regering geplaas en deur die U.O.D. gehanteer, terwyl elke universiteitskollege sy eie sisteem van plaaslike beheer deur 'n universiteitsraad behartig het. Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir C.H.O. wat uit die Teologiese skool van die Gereformeerde Kerk voortgespruit het, het in 1921 tot stand gekom, d.w.s. vanaf daardie datum bedien drie Universiteits-inrigtings die Transvaal, naamlik, Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom. Adamson se middelbare skoolprodukte was die bron waaruit hierdie inrigtings hul kandidate geput het.

2. <u>Nie-blanke Onderwys Groei</u>.

(i) <u>Naturelle-kinders</u>.

Terwyl daar gedurende die oorlogsjare van owerheidsweë geen aandag aan die onderwys en opvoeding van nie-blankes gegee is nie, het die Sargant-onderwyswet van 1903 'n sisteem van staatssteun aan sektariese skole - industriële sowel as gewone - vir die kinders van die naturelle-bevolking voorgestaan. 'n Inspekteur of Superintendent in die persoon van Eerwaarde W.E.G.Clarke tree dan vanaf Februarie 1903 op as Organiseerder van nie-blanke onderwys, veral van naturelle-onderwys.

In April het die Onderwysdepartement met behulp van die Departement van Naturellesake en sektariese sendingsgenootskappe 'n deeglike opname gemaak, waardeur vasgestel is dat slegs sowat 10% van die kinders van skoolgaande ouderdom in die 201 sendingskole was t.w. 12,600 leerlinge, bedien deur 'n onbevoegde personeel van 289, waarvan 41 blankes was. In Johannesburg en op die Rand was daar hierbenewens nog ses regeringskole met 800 leerlinge. As gevolg van die onbevredigende resultaat uit die ingesamelde inligting, tree 'n skema op 1 Januarie 1904 in werking om die onderwys op 'n vaste voet te bring. Deur middel van staatsteun, gebaseer op departementele eise in sake kursusse, geboue, onderwyspeil, personeel en administratiewe vereistes, het daar gedurende 1904 'n daling in die aantal skole sowel as in die getal leerlinge ingetree, t.w. 132 geregistreerde skole en 7,000 leerlinge.

Gedurende 1905-6 was daar egter 'n geleidelike styging want in Junie 1906 was daar 196 geregistreerde skole met 9,951 leerlinge en 110 leerkragte, sowel as 'n ekstra Inspekteur onder die Superintendent. In 1906 is die pos van Superintendent egter afgeskaf en is die toesig van die gewone Inspekteurs ingeroep.

In artikels 28 en 29 (Hoofstuk V) van die Smutswet is die omvang van nie-blanke onderrig verder omskryf wat betref skole, klasse, inrigtings en bywoning; die wet self het egter geen wetlike voorsiening vir die opvoeding van naturellekinders gemaak nie.

(ii) Kleurling-kinders het onderwysvoorregte in aparte skole met blanke leerkragte, op die beginsels van blanke kinders ontvang. In Julie 1908 was daar 10 sulke spesiaal gegradueerde skole met 1,347 leerlinge en in 1910 was die ooreenkomende syfers 12 skole en 1,644 leerlinge. Die toerusting en stafvoorsiening vir hierdie skole was swak, dog verder

het die Transvaalse Onderwysdepartement sy redelike aandag aan die saak geskenk.

Daarteenoor was die sendinggenootskappe, d.w.s. sektariese organisasies, met staatstoelae hoofsaaklik verantwoordelik vir die onderwys van die naturelle-kinders.

Hierdie 234 ondersteunde skole met 12,000 leerlinge het in 1907-8 'n toelae van £9000 ontvang. In Junie 1910 het die aantal skole tot 162 gedaal, hoewel die inskrywing tot 12,447 leerlinge en 382 leerkragte gestyg het.

Hoewel die geboue op hierdie tydstip nog veel te wense oorgelaat het en die bestaande leerkragte ywerig maar skaars was, kon daar tog 'n algemene en merkbare vordering getoon word.

(iii) Nie-blanke onderwys 1910-1923.

Met die koms van Unifikasie het kleurlingonderwys geen status-verandering ondergaan nie, behalwe 'n styging in die aantal leerlinge. In 1911 was daar 11 skole met 1,639 leerlinge en in 1916 slegs 13 skole met 2,164 leerlinge. Gedurende 1916 is die status van kleurlingskole verhef tot die van blanke skole met 'n blanke as hoofonderwyser, beter salarisse en vaste staf-benoemings. In 1917 groei die aantal skole tot 19 en die leerlinge tot 2,681 wat in 1923 op 22 skole en 3,770 leerlinge gestaan het.

Aan die anderkant het die naturelleonderwys sedert die totstandkoming van die Unie dadelik 'n brandende vraagstuk in die provinsiale onderwysbeleid geword. 'n Spesiale kommissie van inspekteurs het reeds in 1912 'n sisteem van tradisionele en nasionale onderwys vir naturelle daargestel en voortaan sou dit ook as 'n aparte en selfstandige vraagstuk behandel word. Hierdie skema is in 1915 aanvaar en in 1917 was dit reeds in volle werking. In 1919 kry hierdie skole ook hul eie Inspekteurs van Onderwys. In hierdie tyd het die

naturelle ook voorkeur begin gee aan vrye staatsskole i.p.v. die sektariese, kerkbeheerde skole. In 1920 wys Adamson in sy jaarverslag op heelwat leemtes, soos gebrekkige opleiding, ondoeltreffende geboue en uitrusting, leerkrag opleiding en beter finansiëring. In 1922 het die gewysigde finansiële Verhoudingswet die provinsiale sowel as die uniale geldelike verantwoordelikhede gereël en vasgelê. 'n Paar syfers om die groei van naturelle-onderwys nader toe te lig, rond hierdie afdeling as volg af:

In 1912 was daar èèn staatskool met 213 leerlinge en in 1923 was daar in hierdie skool 583 leerlinge.

In 1912 was daar 251 sendingskole met 14,741 leerlinge en 462 leerkragte.

In 1923 was daar 393 sendingskole met 35,359 leerlinge en 938 leerkragte, terwyl die aantal staatskole toe 22 met 3,770 leerlinge getel het. In 1912 was daar 237 en in 1923 248 studente in die naturelle-onderwys opleidingskolleges.

Vanaf 1913 is Indiëronderwys van Kleurlingonderwys geskei en in 1923 was daar 5 aparte skole met 601 leerlinge in die Transvaal. Alle nie-blanke onderwys het in hierdie jaar £87,305-7-3 van die Provinsie ontvang, sowel as 'n bydrae van die sentrale regering. "That is in my opinion an arrangement which may well be expected to safeguard the interests of native education."[2)]

(b) <u>Sy Aandeel aan Regerings-kommissies van Ondersoek</u>:

Die waarde van navorsing kan nie oorskat word nie. Elke wetenskaplike wat in sy gebiedsontwikkeling belangstel sal steeds die vlam van navorsing hoog moet blaas. En waar dit van onderwys en opvoeding in die algemeen ook waar is, was dit te meer waar in 'n jong provinsie by die geboorte van sy onderwyssisteem. Hier was twee blanke bevolkingsgroepe wat in tradisie, sowel as in lewensuitsig, van mekaar verskil

---

2) Jaarverslag 1923, bls. 57.

het. Aan hul sorg was ook die onderwysbelange van 'n getalle-oorwig van kinderrasse toevertrou. Om 'n onderwyssisteem, wat nuttig en doeltreffend vir die uiteenlopende rassestromings sou wees, te beplan, was, sonder deeglike navorsing en studie, 'n onbegonne taak. Derhalwe is dit nuttig om 'n vlugtige kykie op die pogings wat destyds aangewend is om doeltreffendheid te bereik,te gee.

Adamson, die Direkteur van Onderwys, sou dan ook in sy amptelike hoedanigheid, sowel as om sy spesiale vermoë, 'n belangrike rol speel in die pogings van regerings-kommissies van ondersoek om die onderwysprobleme van verskillende kante te belig.

In die eerste instansie het die Onderwysdepartement oor 'n interne organisasie beskik, nl. Die Raad van Onderwys, om onderwysprobleme uit te pluis. As gevolg van hierdie interne navorsing kon die nodige leemtes onder die oë gesien en terselfdertyd die weg vir breër ondersoeke aangetoon word.

In 1917 is 'n Provinsiale Kommissie van Ondersoek benoem om die sisteem van onderwys-administrasie binne die perke van die provinsiale operasiegebied te ondersoek. Na 'n tussentydse verslag in 1919 het die finale verslag in 1920 verskyn. Hierdie verslag is 'n belangrike geskiedkundige dokument, en bestryk die hele onderwysstelsel.

In September 1922 is 'n regeringskommissie, bekend as die „Provinsiale Finansiële Kommissie", benoem om ondersoek in te stel na die uitgawes van die Provinsie, die bronne van hul inkomstes en die stelsel van finansiëring van die kapitaal uitgawes.

Die verslag van hierdie Kommissie is in 1923 uitgebring en bevat 'n breedvoerige afdeling oor die onderwys. In Augustus 1923 is hierdie rapport aan 'n spesiale „Onderwysadministrasie Kommissie" opgedra wat twee rapporte uitgebring het, naamlik,

U.G. 41-23 en U.G. 19-24. In die 1923 T.O.D. jaarverslag is die getuienis van die Direkteur van Onderwys voor hierdie Kommissie as 'n spesiale bylae gepubliseer.[3]

In Junie 1923 het die Minister van Finansies die Staatsdienskommissie versoek om 'n ondersoek in te stel na die besoldiging van leerkragte, met die oog op die vraagstuk van eenvormige salarisskale vir onderwysers dwarsdeur die Unie. Die Direkteur se beskouings oor salarisskale sowel as oor hierdie reeks kommissie-verslae is in sy jaarverslag van 1923 aangedui.[4] Die diensaspek word daarin beklemtoon.

In die Onderwyskommissie van 1927, wat sy verslag in 1928 uitgebring het, het Adamson 'n minderheidsrapport onderteken, terwyl sy plaasvervanger, mnr. Scott, die meerderheidsverslag onderteken het. 'n Botsing van tradisies!

Onder voorsitterskap van Adamson is in 1933 die „Kommissie van Ondersoek na Subsidies" benoem. Soos die naam van die Kommissie aandui was dit 'n ondersoek na die subsidies wat aan die inrigtings van hoër onderwys betaalbaar was. Die verslag van die Kommissie, wat in 1934 uitgebring is, bevat belangrike aanbevelings waardeur die Staat se finansiële verpligtings op die £ vir £ basis gereël word, sowel as spesifieke toewysings aan die Transvaalse hoër inrigtings.

In 1941 is Adamson andermaal as voorsitter van die „Matrikulasie Taalinhoud in Verhouding met die Universiteits Kursusse"-kommissie van Ondersoek benoem. Hierdie Kommissie het sy verslag in 1942 uitgebring en bevind dat die twee landstale en Latyn nie na wens gedoseer word nie. In sy minderheidsrapport wys Adamson daarop dat vlotheid in die gebruik van die twee offisiële landstale 'n vereiste vir maatskaplike, politieke en ekonomiese welvaart is.

---

3) bls. 245-247.
4) bls. 10-16; 237-242.

(c) Adamson en die Onderwysprofessie.

In sy jaarverslae waar Adamson dit oor die onderwyser en die aspirant onderwyser gehad het, toon hy 'n intieme kennis van die onderwerp. "What is needed is a staff of teachers of high professional standing and long professional life"[5] Derhalwe verlang hy permanentheid van diens, liberale en aantreklike diensvoorwaardes en deeglike opleiding om professionele wakkerheid te rugsteun, want "It is the spirit that giveth life"[6]. Daar behoort 'n regverdige promosiesisteem in swang te wees wat meriete, kwalifikasies, dienstyd en aanleg by bevorderings in ag neem, en in die afwesigheid van eenvormige onderwyssertifikate in Suid-Afrika, verlang hy gunstige kompetisie vir Transvaalse kandidate. Die sedelike en intellektuele standaard van die onderwyspersoneel is grootliks verantwoordelik vir die industriële en sosiale standaard wat 'n skool in sy omgewing kan skep.

Adamson het hom keer op keer uitgespreek oor die onderwysers, en hul professionele organisasies het steeds sy belangstelling geniet. Hierdie organisasies het hy as „ledebeskermend en professioneel waaksaam"[7] beskryf, en getuig dat die professionele waaksaamheid van die onderwysers van groot opvoedkundige betekenis in die Transvaal is. Stilstand beteken die dood, en die professionele besprekings hou die lewe-gewende opvoedkundige stroom aan die gang.

Die feit, egter, dat die onderwysers, wat hul organisasies betref, in twee groepe verdeel is, nl. die T.O. en die T.T.A., was vir Adamson 'n geskiedkundige feit met sentimentele sin, maar geen noodsaaklikheid nie, en hy het steeds gehoop dat die oomblik van samesmelting nie te lank sou uitbly nie.

---

5) T.O.D. Verslag 1908, bls. 22.
6) T.O.D. Verslag 1909, bls. 18.
7) Krist. Skoolblad, Mei 1912, no.148, bls.7.

Telkens as hy dus 'n geleentheid gehad het om 'n gesamentlike sitting van die twee verenigings toe te spreek, het hy hoopvol daarvan melding gemaak dat dit 'n goeie voorteken was, want „Dit toon ons dat daar eenheid is waar gemeenskaplike belange op die spel is."[8] Daar is vir die onderwysers net een einddoel, naamlik die verheffing en verbetering van die Transvaalse jeug en waar dit die geval is, sou dit onverstaanbaar wees as ras- of taalgevoel op die duur in staat sou wees om die verenigings geskei te hou.

Hy het dan ook nooit 'n geleentheid laat verbygaan om voor die jaarkongresse op te tree met 'n besonder leersame referaat nie.

(d) <u>Adamson en die Taalvraagstuk</u>.

Dat Adamson 'n fyn smaak vir die betekenis van die moedertaal openbaar, blyk uit sy belydenis: "What is before all things necessary is the conviction that a man's native language, the language he learns at his mother's knee, is a thing sacred to him, and entitled, because of its sacredness, to the fullest and most complete recognition and respect."[9] In Suid-Afrika, met sy eeu-oue taalstryd, kon hy dus eerstehandse kennis opdoen van moedertaal-probleme soos dit sig in die praktyk in die Transvaal voorgedoen het.

Om die agtergrond van die brandende vraagstuk van die taal as medium en as vak beter te sien, is dit nodig dat ons die Selborne-gedagte in herinnering roep. Vir Selborne is moedertaal-medium die gesonde opvoedkundige beleid, terwyl die tweede taal as 'n gewone vak deur middel van taallesse aangeleer moet word. Tog stel hy sy voorkeur vir Engels as medium van onderrig duidelik, daar hy daarop aandring dat

---

8) Ibid., bls. 7.
9) The Individual and the Environment, J.E. Adamson, bls. 182.

daar so gou as moontlik na Engelsmedium oorgeskakel moet word.

Hoewel Selborne Afrikaans afkeur, is hy egter van mening dat Hollands sonder dwang en met ouer-verlange onderrig moet word.[10] Toe hy die regering se opvatting oor die taalvraagstukke omskryf het, het hy onderwysers nie tot 'n sekere taal as medium beperk nie, solank hulle hul maar verstaanbaar gemaak het, dog verder duidelik vereis dat Engels so gou moontlik as medium in die skool ingevoer sou word en bepaal dat kennis van Engels 'n voorwaarde van bevordering na 'n hoër standerd sou wees.

Die grondgedagte van die Smutswet van 1907 was in sy wese 'n voortbouïng op die beginsels van die Selborne-wet en het die volgende voorsiening vir die taalvraagstuk gemaak.

In die „woord vooraf"beoog die nuwe wetgewing as doel dat skoolbesture sou toesien dat die medium van onderwys van die kinders so doeltreffend moontlik bevorder sou word.[11] In hoofstukke VI en VII word neergelê dat die voertaal in die laerklasse die moedertaal sou wees, terwyl Engels as tweede taal gedeeltelik in die openbare skole ingevoer sal word, en verder sou kennis van en vordering in die Engelse taal 'n voorwaarde van oorgaan wees. Hollands sou, gegrond op ouerkeuse, aan elke kind op elke openbare skool onderwys word. Na die voltooiing van die kursus vir Std. III kon Hollands as medium in nie meer as twee vakke gebruik word nie, terwyl Engels dan verpligtend sou wees. Appèl teen die besluit van 'n skoolbestuur in sake die medium van onderwys kon by die Minister aangeteken word.

Hierdie stand van sake is deur die Rissik-ordonnansie[12] gewysig, toe dit in Januarie 1912 van krag geword het. Die

---

10) Regulasie no.1117 van 1905.
11) Arts 30 - 33.
12) Taalordonnansie no.5 van 1911.

oorsprong van die ordonnansie lê in artikel 137 van die Unie-grondwet, wat die gelykwaardigheid van die twee offisiële tale, Hollands en Engels, bepaal. Die nuwe ordonnansie het die taalbepalinge van die Smutswet as volg gewysig:

(i) Die huistaal sal die verpligte medium van die aanvangsonderwys op skool wees.

(ii) Die tweede taal (Hollands of Engels) kan as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang en die vroeëre verpligtings omtrent Engels as voertaal verval.

(iii) Vanaf Std. V kan die tweede voertaal ingevoer word.

(iv) Die onderrig in die huistaal is verpligtend en die tweede taal sal aan alle kinders, wat nie deur hul ouers van sodanige onderwys weggeneem word nie, onderrig word.

(v) Na Std. IV kan die ouers die voertaal kies, Engels of Hollands of albei; as albei gekies word, sal die Rade bepaal in watter vakke Engels en in watter Hollands gebruik sal word.

Adamson, wat die Smutswet as "native, sound and liberal" beskryf het, se groot verantwoordelikheid, soos hy dit immers self ook sien, uit die taak van die inspekteurs van Hollands, was om die werking van die Taalwet doeltreffend te maak. In 19C9 voorsien hy dat dit nog 'n geruime tyd sou neem voordat die twee volksdele die taalkwessie in kalmte sou kon bespreek, en dit was vir hom 'n natuurlike verskynsel daar taal, soos godsdiens, die hart van 'n volk raak. Hy was egter optimisties dat die taalkwessie, soos die godsdiens, 'n bevredigende balans sou vind. In hierdie verslag regverdig hy die Taalwet, daar dit op 'n opvoedkundige basis berus, naamlik: "The educational progress and development of the pupils."[13)]

13) T.O.D. Verslag, bls.23.

Op die skoolraads-konferensies, waar die saak bespreek is en opinies strydend was, meen hy dat die oordeel te haastig is, daar 'n saak soos die medium van onderwys 'n minimum van ses toetsjare behoort te deurstaan voor 'n gegronde oordeel gevel kan word. In die skole heers daar die regte gees. Leerkragte, die Hollandse Inspekteurs en die ouers, behalwe kortsigtige Hollandse ouers, is entoesiasties lojaal. "Public opinion is sound on this language question and the teachers are overcoming difficulties with energy and enthusiasm."[14) ] Onder die moeilikhede noem hy die baie tyd wat taalonderwys in die skooldag in beslag neem, en die nadeel wat dit op die algemene welvaart en ontwikkeling het. Die taal staan in die diens van die skool en nie andersom nie. Nieteenstaande hierdie feite is die taalkennis in die plattelandse skole nog gebrekkig. Vir hom lê die redding van die plattelandse skole in sentralisasie, 'n beter gekwalifiseerde onderwyskorps en meer verdraagsaamheid.

Hoewel Adamson in sy verslag van 1910 die algemene toestand as bevredigend beskou, gee hy tog 'n omvattende uiteensetting van die taalklousules, huistaal en, wat medium betref, glo hy op sielkundige gronde aan moedertaal onderrig. Om 'n deeglike taalstandaard op te bou, gee hy voorkeur aan vakonderrig deur taal-spesialiteite.

In sy jaarverslag van 1912 neem die vraagstuk om die mediumkwessie vergelykend volgens die verskeie taalordonnansies sedert 1903 tot 1911 te bespreek, nie minder as 18 bladsye in beslag nie. Hy wys daarop dat die regulasies ingewikkeld saamgestel was en sig, wat die bepaling van die ouer se keuse van sy moedertaal betref, tot dubbelsinnige interpretasie geleen het. Die eintlike moeilikheid het ontstaan omdat

---

14) Ibid., bls. 25.

"Language as a medium of instruction was confused with language as a subject of instruction."[15] Die uitvoering van die Taalwet het verdere moeilikhede meegebring i.v.m. die bepaling van die huistaal. Hierdie reg was 'n ouerreg, dog waar die ouer die tweede taal as medium vir sy kind verlang het was hy verplig om 'n leuen te onderteken betreffende sy huistaal, wat ouers billikerwys geweier het.

Om die verlange van die ouers uit te voer het hy 'n sisteem van aparte skole in die lewe geroep. In die stedelike gebiede het dus aparte Hollands- en Engelsmediumskole ontstaan, met Engelsmedium ook oorwegend in die hoër standerds van die Hollandsmediumskole.

Verder is die saak opgelos, wat die kleiner sentrums en platteland betref, deur aparte- en parallelmedium klasse in dieselfde skool. Hoewel hierdie sisteem sy nadele het, is dit tog 'n baie beter reëling as dubbelmedium onderrig waar Afrikaans- en Engelssprekende kinders in een klas sit. Ook word die geval aangehaal van die Noordskool te Potchefstroom waar die medium op een dag Hollands en op die ander Engels was.

Adamson is egter van opinie dat die taalprobleme voortvloeiende uit die Rissik-ordonnansie 'n bevredigende balans en oplossing sal vind, dog hy is oortuig dat die sisteem te duur is en dat die irriterende taalvraagstuk nou opgelos behoort te word.

In 1913 meen hy dan ook dat die taal- en mediumvraagstuk feitlik opgelos is, behalwe kleinere uitsonderings waar die praktiese toepassing daarvan 'n leemte in die wet self is.

---

15) Jaarverslag 1912, bls.12.

(e) Adamson en die Onderwysuitbreiding.

1. Tegniese Onderwys.

"After an association of nearly 48 years with it, and its problems, I say with conviction that there is an ever-widening sphere for Technical Education in South Africa."[16)]

Voor die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika het Tegniese Onderwys in ons land min aandag geniet, sodat die begin van hierdie vertakking van die onderwys in die Transvaal eers vanaf 1904 dateer.

In Ordonnansie no.7, die eerste onderwyswet na 1900 van die heer Sargant, is o.a. voorsiening gemaak vir die daarstelling van tegniese skole as voorbereiding vir 'n doserende universiteit.

Sedert 1902 is daar reeds in die kampe voorsiening gemaak vir „aandklasse" alwaar 'n paar tegniese vakke soos snelskrif, boekhou en handwerk aandag geniet het. Dit was korteliks die toestand waarop Adamson sy bouwerk moes begin. Tussen die jare 1907 en 1910 het tegniese onderwys groter uitbreiding getoon, en na 1907 het dit onder die beheer van 'n "Inspekteur en Organiseerder van Tegniese onderwys" gestaan. Vanaf hierdie datum word daarna gestreef om tegniese onderwys van 'n primêre en 'n sekondêre aard sover moontlik te ontwikkel. Laer tegniese onderwys sou voortaan op elke dorpskool en gesentraliseerde plaasskool aandag geniet, terwyl daar in die groter sentrums tegniese skole vir gevorderde tegniese onderwys opgerig sou word.

In Junie 1908 was daar, wat laer tegniese onderwys betref, reeds 25 sentrums vir handewerk met 1,944 seuns, 2 kooksentrums (in Pretoria en Johannesburg) met 193 meisies, 21 aandskole met 524 leerlinge, terwyl die Transvaalse Universiteitskollege ook 782 studente onderwys het en daar

---

16) The Outspan, 20/4/45. Prof. John Orr, O.B.E.

258 studente in die Pretoriase "Politegniese" klasse was.

Gevorderde tegniese onderwys toon in 1908 die "Industrieskool" op Potchefstroom, en die Ambagskool in Pretoria sedert 1909. In sy breedvoerige verslag in 1909-10 onderskei die Inspekteur van Tegniese Onderwys drie stadia van tegniese onderwys: Tegniese onderwys op die gewone laerskool,nl. skooltuine, handewerk, kookkuns en naaldwerk; die gevorderde onderwys op die Tegniese of Ambagskool; en die Tegniese kollege Op hierdie stadium was die dienste van 'n Inspekteur van Naaldwerk en Koshuise, sowel as die "Organiseerder van Voortsettingsklasse op die Rand" ook beskikbaar. Na 1910 is 'n adviserende "Nasionale Raad" in die lewe geroep om die eise van die tegniese onderwys te behartig met beperkte mag onder die Provinsiale Administrasie. Wat voortgesette onderwys na 1911 betref, is daar bepaal dat hierdie afdeling voortaan onder die skoolrade sou ressorteer. Die leerplan van die klasse mag al die vakke van die laer en middelbare skool insluit, sowel as handels- en tegniese vakke, terwyl die les-ure en minimum aantal leerlinge bepaal is. Verder is bepaal dat die leerkragte onder die T.O.D. sou staan en deur die Direkteur goedgekeur sou word. Die pligte van die verskillende groep-hoofde en die tye van die eksamens is ook gereël.

Gedurende 1914 is 'n Hoër Handelskool in Johannesburg geopen en in 1916 is daar neergelê dat die tegniese leergange uit 'n kombinasie van die afsonderlike vakke van die laer- en middelbare skool sou bestaan, terwyl die leergange van ambagskole afsonderlik gepubliseer is.

In sy 1923 verslag wys Adamson op die belangrikheid van meer vakkundige opleiding vir die sowat 60% laerskoolleerlinge wat nie 'n akademiese loopbaan verkies nie. Op

skoolplase en in handels-, tegniese- en middelbare skole behoort daar voorsiening te wees vir kort kursusse in vakopleiding. Ons huidige onderwys bou vandag reeds voort op hierdie grondgedagte van Adamson.

2. Die Skoolplaas-idee.

Die Raad van Onderwys se eerste rapport het in 1913 tot die uitgawe van 'n hersiene en vereenvoudigde leerplan vir buiteskole gelei. Om die ideaal van egte plattelandse onderwys verder te verwesenlik, beveel Adamson reeds in 1912 die oprigting van "skoolplase" aan. Vir hierdie soort plattelandse sekondêre onderwys in landboukunde is grond, werkswinkels, klaskamers en koshuise nodig. Op hierdie grond moet die leerlinge, volgens die soort en aard van die skoolplaas, die werkers wees en hul voedselbenodighede self onder toesig kweek. So sien Adamson o.a. moontlikhede vir 'n vrugte-skoolplaas, tabak-skoolplaas en 'n skoolplaas vir algemene boerdery. Die grootte van die plaas sou afhang van die soort boerdery, en die inskrywing van die skool. Die ouderdomme van die leerlinge sou moontlik tussen 15 en 21 jaar lê en dit behoort 'n verpligting op elke ingeskrewe leerling te wees om die hele kursus te voltooi.

Wat die werkswinkels en hul uitrusting betref, behoort dit volle geleentheid te verskaf vir sulke voorbereiding dat die gewone eise van die boerderylewe aangedurf kan word, d.w.s. opleiding in hout-, yster en monteur-kursusse, sowel as in die gebruik van plaasmasjienerie. Die uitrusting hoef nie noodsaaklik duur en uitvoerig te wees nie, maar wel voldoende om werksgeleenthede aan almal te verskaf.

Die klaskamers behoort eintlik klein laboratoria te wees waar elementêre landboubeginsels deur maklike eksperimente uitgetoets en gedemonstreer kan word. Weer is die doel nie om 'n sisteem van uitvoerige gemiese, botaniese

en rekenkundige laboratoriums daar te stel nie, maar slegs om die wetenskaplike grondslae van die werk in ag te neem. Verder sal daar ook lokale vir onderwys in die gewone skoolvakke wees.

Koshuise sal natuurlik nodig wees om die leerlinge te huisves, want die skoolplase sal die middelpunt wees waarheen die leerlinge uit die plattelandse omgewing getrek sal word. 'n Getal van 90 leerlinge sou die volle kwota per skoolplaas wees en drie losies-eenhede om elk 30 leerlinge te huisves, word voorgestel.

Op hierdie saak het Adamson in sy jaarverslag van 1912 ingegaan en weer in 1914 daarop teruggekom, en in 1916 sê hy: "If the necessary funds can be found, one such institution should be established without further delay."[17] So 'n inrigting, meen hy, sou moontlik ook 'n oplossing kon bied vir die brandende armblanke-vraagstuk, na-oorlogse lewenseise en 'n langer skool-loopbaan vir leerlinge.

Volgens hom behoort die onderwys voorsiening te maak vir drie inrigtings, naamlik, die esteties-teoretiese, die natuurwetenskaplike en die ekonomies-praktiese. Hiervoor beoog hy drie soorte onderwysinrigtings waarvan die skoolplaas-gedagte 'n deel van sy ekonomies-praktiese uitmaak om die landbou-opleiding te behartig. Die skoolplaas word dan eintlik die ambagskool van die platteland.

Die eerste van hierdie skoolplase is eers sowat tien jaar na die beëindiging van Adamson se direkteurskap gestig, en persoonlik kon hy dus niks doen aan die praktiese uitvoering daarvan nie.

In 1937 het hy egter die geleentheid gehad om vier

---

17) Jaarverslag 1916, bls.19.

skoolplase en twee sentrale skole te besigtig en daaroor het hy 'n belangrike rapport uitgebring.[18] Hierin maak hy slegs kommentaar oor algemene beginsels i.v.m. die ontwikkeling van 'n skoolplaas-beleid.

Daar is vir hom drie grondbeginsels, naamlik:

(i) Aanpassing van indiwidu en omgewing;
(ii) Leer deur te doen;
(iii) Bestryding van die toestroming na die stede.

Daarna verwys hy na enige onmiddellike gevolge soos o.a. grond en geboue, die fisiese en higiëniese, asook na die estetiese, maatskaplike en sedelike aspekte. Vervolgens bespreek hy die laagste toelatingskwalifikasies, die leerplan, personeelvraagstukke en finansies.

Opsommend is sy besluit : „Hier is bloeiende sentrums."[19]

3. <u>Middelbare Onderwys</u>.

Die Sargant-onderwyswet, bekend as Ordonnansie no.7 van 1900, het o.a. voorsiening gemaak vir middelbare skole, sowel as vir klasse van 'n universiteitsgehalte. Die middelbare skole sou jaarliks kandidate lewer vir die laer sertifikaat-eksamen van die T.O.D. of vir die matrikulasie-eksamen van die K.P. Leerlinge sou tot hierdie inrigtings vanaf hul 9de jaar toegelaat word, en 'n ontwikkelingspeil in lees, skryf en rekene word vereis. Die klasse sou vorms genoem word en wel as volg: Vorm I vir tienjariges; Vorm II vir 11-; Vorm III vir 12-; Laer IV vir 13-; Hoër IV vir 14-; Laer V vir 15-; Hoër V vir 16- en VI vir 17jariges, en die bevordering sou jaarliks geskied. Die eksamen maak voorsiening vir die Laer-sertifikaat vir laer vorm V, Matrikulasie-sertifikaat vir hoër V en die Skooleind-sertifikaat vir Vorm VI.

Na die vrede en wel in 1902, was daar reeds etlike "High Schools" in werking. Hiervan was daar twee in Pretoria en drie in Johannesburg, terwyl daar vyf sekondêre skole op

---

18) Jaarverslag 1937, bls.147-156.
19) Ibid., bls.156.

plattelandse dorpe was. Aan die end van 1903 besoek 721 leerlinge die hoërskole. In 1905 kry Potchefstroom 'n 5de "High School for Boys" by.

In sy verslag van 1905-6 bespreek Adamson die verhoudings vraagstuk tussen laer en middelbare onderwys en kom hy tot die slotsom dat die laerskool-leerlinge vir die middelbare moet voorberei, terwyl die middelbareskool weer by die laerskool moet aansluit. Die onderwyssisteem sal slegs verrek word as die laerskole ook vir afronding verantwoordelik moet wees.

Aan suiwer hoër onderwys het die owerheid gedurende die oorlogsjare niks gedoen nie, dog in 1902 het die bemoeiings van die heer Sargant daartoe gelei dat die Kimberleyse mynskool sy aktiwiteite hervat het, terwyl die Gereformeerde Kerk verantwoordelik was vir die stigting van die "Theologische School" wat in 1905 van Burgersdorp na Potchefstroom oorgeplaas is. In 1906 het 'n verdere ontwikkeling gekom, toe klasse in lettere en natuurwetenskappe deur die Johannesburgse tegniese inrigting onder die naam van "Transvaalse Universiteits Kollege" begin is.

In 1907 word die Smuts-onderwyswet[20] van krag. In hoofstuk IV[21] word die bepalings oor middelbare- en hoëronderwys vir die blanke kinders of persone omskryf en voorsiening gemaak vir die oprigting en instandhouding van middelbare skole, en op 1 Julie 1909 verskyn Adamson se nuwe bepalinge vir middelbare skole sowel as 'n voorgeskrewe leerplan of leergang. In verband met laasgenoemde behoort dit meer vormend as formeel, en moet dit ook deeglik prakties en voorbereidend wees. Tussen laer- en middelbare-onderwys is 'n gesonde aansluiting nodig, terwyl die skeiding na Std.V en omstreeks

---

20) No.25 van 1907.
21) Artikels 23-27.

by die 12de jaar behoort te wees.

Die leergang vir middelbareskole is dus so rekbaar opgestel dat dit nie bloot voorbereidend, algemeen en geskik vir alle leerlinge is nie, maar ook rekening gehou het met die leerlinge se toekomstige loopbane met spesiale voorsiening vir meisiesopleiding. Verder is daar bepalinge omtrent die eindeksamens van die middelbareskole, sowel as uitvoerige besonderhede omtrent die verskillende vakke, gegee.

Wat die inspeksie van middelbareskole betref, het Adamson hierdie werk self vir twee jaar vanaf 1910 waargeneem, dog hy het reeds in sy verslag oor 1909-10 op 'n aparte persoon vir die werk aangedring. Vir die toesig oor hierdie skole het die Onderwyswet voorsiening gemaak vir die daarstelling van "Beherende Liggame". Die liggame het nie soos die skoolkommissies onder die Skoolrade gestaan nie, maar hulle was selfstandig en kon direk met die Departement onderhandel. Gedurende die jare 1907 en 1910 het die vraagstuk van middelbareskole o.a. veral die aandag van die Departement geniet. Die verskaffing van voldoende fasiliteite vir hoër-onderwys het steeds dringender geword. In die 1907-8 verslag kla die Direkteur oor die geringe uitbreiding van "High Schools" en hoewel die bestaande inrigtings goeie werk gedoen het, was daar slegs 1,050 leerlinge in die 7 hoërskole.

As redes vir hierdie toestand noem Adamson die Engelse medium, die huisvesting en die neiging om kinders na die Kaap-Kolonie vir verdere studie te stuur, onder die vernaamste. In 1908-10 is in sy verslae eintlik verhandelinge oor die saak geskryf, en die korrelasie tussen middelbare- en laerskole, sowel as die wyer omvang van die middelbare-onderwys, verdien veral die aandag. In die eerste plek sou die middelbareskool self 'n vyfjarige kursus (vorms I - V) hê en op die matrikulasie-eksamen uitloop, terwyl daar tweedens 'n

wyer, 'n rekbaarder leerplan moet wees om aan 'n groter verskeidenheid van vakkeuse te voldoen.

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, het die Transvaal een van die vier Provinsies geword, en deur regeringskommissies van onderwys is bepaal dat hoëronderwys, onderwys "na Matriek" sou beteken en onder uniale beheer sou ressorteer, terwyl laer- en middelbare-onderwys die taak van die Provinsies sou wees. Vanaf 1910-23 toon middelbare-onderwys aanmerklike uitbreiding.

In 1910 d.w.s. aan die begin van Provinsiale Administrasie, is daar slegs 7 "High Schools" en 20 middelbare afdelings. In 1913 kom nog 4 middelbareskole by en in 1914 het die afskaffing van skoolgelde vir middelbare onderwys die toekomstige groei bevoordeel.

In 1911 is daar in middelbareskole en -afdelings 2,486 leerlinge en in 1914 slegs maar 2,734 leerlinge. In 1915 was daar 10 middelbareskole en 'n hele aantal skole met middelbare afdelings met 2,740 leerlinge. In 1917 styg die aantal leerlinge tot 3,290 en in 1918 was die aanvraag na middelbare-onderwys so sterk dat 10 nuwe middelbareskole bygevoeg moes word om die jaar af te sluit met 3,941 leerlinge In 1922 is 'n aantal intermediêre skole in die lewe geroep om voorsiening te maak vir leerlinge wat hul skoolloopbane met Stds. 7 of 8 wou voltooi.

In 1919 toon middelbare-onderwys 'n flinke groei. Nou is daar 18 gewone en 9 spesiale middelbareskole met 4,854 leerlinge en hierdie groei het volgehou sodat daar in 1923 reeds 49 skole met 10,078 leerlinge was.

In 1920 moes die eksamenstelsel 'n verandering ondergaan want die ou Kaapse matriek het in die jaar plek gemaak vir die "Skooleind Sertifikaat-eksamen" deur bemiddeling van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Voortaan sou die Trans-

vaal sy eie reëlings tref vir die afneem van 'n interne "middelbareskool-sertifikaateksamen". In 1923 beloop beurstoekennings aan leerlinge in middelbare skole en afdelings die bedrag van £55,717.

(f) Algemene en Mediese Inspeksies.

(1) Algemene Inspeksie: 1902 - 1923.

Met die oorname deur die Engelse outoriteite van die Zuid Afrikaansche Republiek na 1902, is die destydse kolonie vir doeleindes van algemene inspeksie in vier kringe ingedeel wat die hele Transvaalse gebied met sy 19 Kampskole gedek het. Van die Inspekteurs was dit dan verwag, om ten spyte van moeilike vervoer-aangeleenthede, die Transvaal te deurreis en sodoende eerstehandse kennis in te wen. Ordonnansie no.7 van 1902 het dit dan ook duidelik bepaal dat alle, selfs private skole van 10 en meer leerlinge, onderwerp is aan staatsregistrasie en inspeksie deur 'n amptenaar van die Departement wat daartoe gemagtig is.

Hierdie inspeksies was nodig vir die doeltreffende uitvoering van die departementele werksaamhede. Waar die aantal inspekteurs gedurende die oorlogsjare redelik beperk was, kon dit na 1905 nie meer die geval wees nie. Derhalwe is die Transvaal-kolonie nou in elf inspeksie-kringe ingedeel wat min of meer met die bestaande Magistraatsdistrikte ooreengestem het, terwyl daar nog verder spesiale voorsiening vir Pretoria en Johannesburg getref is. Op die platteland is aanvanklik sekere hoofonderwysers aangewys wat aan die Inspekteur vir hul eie, sowel as 'n groepie skole, verantwoordelik was, en op Pretoria is dit aan 'n spesiale amptenaar van die Normaalskool opgedra om die funksie van inspekteur uit te voer, terwyl twee waarnemende Superintendente hierdie werk aan die Rand in die hande geneem het.

Die groot beskikbare woongebiede in die Transvaal met 'n dun bevolking het nie slegs die afstande tussen skole geweldig gerek nie, maar ook die stelsel van klein skooltjies in die hand gewerk. Dit het behoorlike organisasie en toesig bemoeilik met die gevolg dat daar gedurende 1903 op twee Inspekteurs-konferensies oor die vraagstuk van plattelandse onderwys gehandel is. Die gedagte van sentralisasie is daaruit gebore, met Adamson as die vader daarvan.

Gedurende 1907 is die pligte van die Inspekteurs verder deur Adamson omlyn, uitgebrei en gereorganiseer om verteenwoordiging en ekonomie te bemiddel. 'n Viertal onder-inspekteurs is benoem, sowel as 'n Inspektriese vir Naaldwerk en Koshuise. Die "Adviserende Rade" het in hierdie jaar ook sake, soos die voorsiening en uitrusting van skoolgeboue en die toevoer van leerkragte, van die Inspekteurs oorgeneem. Die verdeling van die pligte tussen die Raad en die Inspekteur is duidelik. Die Skoolraad maak onderwys moontlik, die Inspekteur maak dit doeltreffend. Deur hierdie verligting in die werksomvang, is die Inspekteurs nou in staat gestel om gereelder inspeksies van skole uit te voer. Die opvatting van die Direkteur oor die werk van 'n Inspekteur was dat 'n verslag oor die werk van die skool egter nog nie voldoende was om ware opbouende opvoedingswerk te doen nie. Die Inspekteur moet minder ondersoek, as raadgee en organiseer; hy moet wel rapporteer, maar sy wenke en leiding is tog belangriker. As die keur van die onderwyspersoneel moet hy eintlik 'n outorieteit op die gebied van organisasie en metode wees eer hy sy taak as ondersoeker vervul. Na 1906 kon die hande van die Inspekteurs dus, deur die funksie van die adviserende Skoolrade, loskom vir hul eintlike werk, naamlik die beheer en leiding van die onderwyswerk op skool en die rapportering van die vordering.

Met die koms van Verantwoordelike Bestuur,[22] 'n nuwe Onderwyswet[23] en meer nadruk op taalvoorregte, is daar gedurende 1907-8 vier Hollandse Inspekteurs benoem om die Distriks-inspekteurs by te staan, terwyl die hele Inspektoraat in 1910 georganiseer is. Voortaan sou alle Inspekteurs, behalwe die op die Rand, al die werk self en alleen doen en die ou stelsel van dubbele inspeksie - Hollands en Engels apart - is afgeskaf. Die Provinsie is nou in 12 kringe met 15 Inspekteurs ingedeel.

Gedurende die eerste twee jaar, d.w.s. 1907 en 1908, is die inspeksie van middelbareskole deur die Direkteur self gedoen, dog dit kan goed verstaan word dat 'n aparte persoon meer gewens was vir hierdie taak, soos hy self in sy verslag van 1909-10 aan die hand gedoen het.

Na die totstandkoming van die Unie en 'n merkbare groei in die getal skoolpligtige leerlinge, moes die Inspektoraat ook tred hou met die nuwe loop van sake. In 1913 bestaan die Inspekteurs-korps reeds uit 21, insluitende die Inspekteur van Middelbareskole, die Organiseerder en Inspekteur van Tegniese onderwys en die Inspektriese. Daar was tans gemiddeld 52 skole en 4,000 leerlinge per Inspekteur. As afstande, slegte paaie en swak vervoergeriewe in aanmerking geneem word, is dit duidelik dat daar nog maar groot eise aan die Inspekteur van Onderwys gestel is.

Die eerste Wêreldoorlog het ook sy remmende skadu op die Inspekteurspersoneel gewerp. 1918, die jaar van vredesluiting, was 'n besonder donker jaar vir die Inspektoraat, waartoe nat paaie, petrolskaarste en die Griep-epidemie almal hul kwota bygedra het. Gedurende die hele tydperk van die oorlog se naweë moes die Direkteur kla oor 'n tekort aan

---

22) 1907 - 1910.
23) Smutswet van 1907.

Inspekteurs vir die middelbare-onderwys. Met die oordrag van Naturelleskole in 1920 aan spesiale Inspekteurs, is die werk van die gewone Inspekteurs baie verlig, alhoewel 19 maar nog 106,978 leerlinge (gemiddeld 6,292) onder hul sorg gehad het. Vanaf 1921 is twee Inspekteurs, i.p.v. een, vir middelbare-onderwys aangestel, sodat middelbareskole minstens 'n tweejaarlikse inspeksie kon ondergaan. Die Distriksinspekteurs sou ook voortaan in hul eie kringe behulpsaam wees met die inspeksie van middelbareskole. Uit Adamson se persoonlike omskrywing van die werk van 'n Inspekteur is dit duidelik dat hy 'n inspeksie-sisteem verkies het wat die onderwys-sisteem op so'n wyse kon uitbou dat daar 'n goeie verstandhouding tussen Inspekteur en personeel kon bestaan. Dit is hierom werklik opvallend dat die "Sersant-Majoor"-tipe van inspekteur so 'n lang regime in die Transvaal gehad het. En dis 'n blye teken dat ons huidige Inspekteurskorps die uniform vir die opvoedkundige kleed verwissel het.

2. Mediese Inspeksie .

„'n Gesonde gees in 'n gesonde liggaam" is van kardinale belang vir 'n gelukkige lewe en met die aanstelling van 'n Mediese Inspekteur in 1913 het die Transvaalse Onderwysdepartement ongetwyfeld nuwe grond in Suid-Afrika gebreek. Met die instelling van hierdie nuwe betrekking was Adamson van mening dat geen leerling die skoolloopbaan sou deurgaan sonder 'n mediese inspeksie en daaropvolgende behandeling nie. Hy juig die gedagte opsommend toe in die volgende woorde: "For all reasons it is a matter for congratulations that this extremely important work has at last been put in hand." [24]

Dr. C.L.Leipoldt, die eerste amptenaar in hierdie pos, was reeds in Suid-Afrika professioneel hoog aangeskrewe

24) T.O.D. Verslag 1913, bls.7

en daarby het hy oor gesonde ervaring beskik i.v.m. hierdie soort werk in Engeland.

Sy eerste taak in sy nuwe amp sou Randse en Pretoriase „eerste toelatings van die lopende jaar"wees, sowel as moontlike skoolverlaters wat gedurende 1900 gebore was.

Volgens Ordonnansie no.10 van 1916, is die vereiste van toestemming van die ouers tot 'n mediese inspeksie van hul kinders, opgehef en is hierdie reg aan die staat verleen, sodat daar voortaan slegs kennis van so'n inspeksie gegee sou word, terwyl die mag tot uitsluiting van kinders ook by die staat berus het.

Weëns die Eerste Wêreld-oorlog is die diens nadelig onderbreek, dog na die vrede is die mediese- en verpleegsterspersoneel uitgebrei, skoolklinieke gestig en deeltydse tandartse in die groter dorpe aangestel. So is byvoorbeeld die Skoolkliniek van Johannesburg in 1921 geopen met 'n staf van spesialiteite om behoeftige gevalle gratis te bedien. Die Potchefstroomse Skoolkliniek het in 1923 gevolg.

In 1922 bedank dr. C.Leipoldt en word hy deur dr. J.A. Kieser opgevolg met 'n bestaande staf van drie voltydse skooldokters, elf verpleegsters en 'n uitbreiding van die dienste in die Johannesburgse Skoolkliniek; o.a. die behandeling van oog- en oorsiektes, sowel as tande.

By die uitdienstreding van Adamson as Direkteur in 1924 was hierdie dienste dus redelik gevestig en, sowel in omvang as in aard, het die ontwikkelingskurwe 'n stygende toekoms voorspel.

(g) Sy Aandeel aan Plaaslike en Algemene Skoolbestuur.

In artikel 8 van die Sargant-onderwyswet[25] word mag aan die Luitenant-Goewerneur-in-Rade verleen om "Consultive and Advisory" komitees te benoem en volgens regulasie hul funksies en pligte vas te lê. In die loop van 1903 is die nodige

25) No. 7 van 1900

regulasies uitgevaardig en die samestelling en pligte van "skoolkommissies" bepaal.[26] Aan die end van 1903 was daar reeds 22 skoolkommissies in werking.

Onder selfbestuur (1905-1906), met die heer Adamson as Direkteur van Onderwys, verkondig die Selborne-minute die voortbestaan en uitbreiding van „Adviserende Skoolkommissies". Verder word die saak van „Adviserende Skoolrade" aanhangig gemaak. Hierdie Rade behoort 'n skakel tussen die Skoolkommissies en die Departement te vorm. Die samestelling en pligte van die Adviserende Rade is in Goewermentskennisgewing no.1117 van Desember 1905 bepaal. Die kennisgewing bestaan uit 50 artikels wat onder die volgende hoofde ingedeel is:-

(i) Die samestelling en kiesing van Skoolkommissies, waarin o.a. bepaal is dat elke skool met meer as 30 leerlinge 'n kommissie kry.

(ii) Die samestelling en kiesing van Skoolrade.

(iii) Die prosedure van die Skoolkommissie en Skoolrade.

(iv) Die magte en pligte van die Skoolkommissies.

(v) Die magte en pligte van die Skoolrade.

In sy eerste jaarverslag[27] verwys die Direkteur reeds na die ontwikkeling van plaaslike adviserende liggame. Die Adviserende Skoolrade het reeds noual die werk van die Inspektoraat vergemaklik, aangesien hulle voortaan sake soos die voorsiening en uitrusting van skoolgeboue, sowel as stafvoorsiening kon oorneem, en onderwys in die geheel moontlik maak. In die jaarverslag[28] word daar reeds van 24 Skoolrade, wat doeltreffend gewerk het, melding gemaak, terwyl die Skoolkommissies onder ongunstige kritiek moes deurloop wat hul personeel se opvoedkundige insigte betref het.

Met die koms van die Smutswet in 1907 verskyn uitvoerige bepalinge in verband met die plaaslike bestuur van skole.[29]

26) bls.77.
27) Julie 1905 - Junie 1906.
28) 1906-1907.
29) Hoofstuk IX (artikels 38-73)

Die kolonie sou in skooldistrikte ingedeel word en vir elke distrik sou daar 'n bestuur of raad saamgestel word, terwyl daar vir die afsonderlike skole kommissies ingestel mag word.

Verder word aan die Minister magtiging verleen om van tyd tot tyd 'n besturende of beherende liggaam in te stel vir enige inrigting wat nie onder die beheer van die Skoolrade is nie. In die offisiële Onderwyswet-handboek van 1907 is o.a. inbegrepe die diensvoorwaardes van Skoolraadsekretarisse en Beherende Liggame. In Goewerments-kennisgewing no.1102 van 1907 is die regulasies betreffende Skoolraadsverkiesings vasgelê en die van Skoolkommissies in Goewerments-kennisgewing no.339 van 1908. Die regulasies betreffende Beherende Liggame, d.w.s. selfstandige liggame, direk onder die Departement, het gedurende 1908-10 onder Goewerments-kennisgewings verskyn.

Die „Raad van Onderwys", wat op grond van die Smutswet in die lewe geroep is, het reeds sy taak op 25 September 1907 aanvaar. Hierdie Raad het vanaf sy ontstaan die gunstige kritiek van die Direkteur erlang en in sy jaarverslag van 1907-8 wys hy daarop dat hul aktiwiteite die oorsaak was dat onderwysbeginsels en -praktyk deeglik onder die soeklig gekom het. Hierdie Raad het direk onder die Direkteur en die Departement gestaan. Verder was die Raad verantwoordelik vir die opstelling van regulasies, die maak van begrotings en die toekenning van allokasies, en die regspraak tussen die Direkteur en die Skoolrade. Adamson, die opvoedkundige, het hier van navorsing gebruik gemaak, om sy stelsel van leemtes te suiwer. Dis 'n gesonde en wetenskaplike beleid.

In 1908 bestaan daar reeds 26 Skoolrade. In die begin was daar heelwat verhoudings- en administratiewe onsekerheid wat die taak van die Skoolrade betref. Hierdie toestand het aanleiding gegee tot die hou van skoolraadkonferensies

waarvan die eerste van 30 September tot 2 Oktober 1908 plaasgevind het. Die tweede het in November 1909 gevolg. Hierdie konferensies se werksaamhede is volledig in die jaarverslae van die Direkteur opgeneem en hul werksaamhede het die hele onderwysveld gedek, o.a. veranderinge in die wet, administratiewe ontwikkelinge, grondslae van allokasie, onderwys ontwikkelinge, taal, verkiesings, ens.

In 1910 doen die Direkteur in sy jaarrapport verslag oor die Skoolrade en hy toon aan dat die 27 bestaande Rade gedurig met die Departement oor sake verskil en ook met die Skoolkommissies. Verder oefen die Rade algemene toesig en beheer oor die skole uit, en gee aandag aan skoolvoorsiening, sentralisasie, sluiting van skole, beheer van sekere fondse en onderwysers.

Die Skoolkommissies het veral met die Skoolrade ten opsigte van benoeming van onderwysers en die toekenning van toelae gebots. Om die wet van verpligte skoolbesoek na te kom, was dit noodsaaklik om 'n stelsel van skoolbesoekbeamptes in die lewe te roep en in 1907-10 kon die Direkteur aankondig dat alle Skoolrade, met die uitsondering van een, reeds hierdie amptenare in diens gehad het.

Volgens Wysigings-ordonnansie no.7 van 1912 sou daar voortaan net een amptenaar van die Onderwysdepartement op die Raad van Onderwys sitting hê en wel die Direkteur van Onderwys. Die funksies van die Raad sou die oorweging en aanbeveling van alle sake rakende onderwysbehoeftes omvat, veral die leerplanne en ander sake binne die omvang van sy opdrag, terwyl die behandeling van die begrotings voortaan uit die hande van die Raad weggeneem is. As gevolg van die skepping van 'n Uitvoerende Komitee is die Raad van Onderwys in 1915 deur Ordonnansie no. 4 opgehef.

Die nuwe Skoolrade, wat na 1910 in terme van die Onderwyswet gekies is, het met ryper ervaring goed aan hul taak beantwoord. In Junie 1911 en in November 1912 is 'n derde en vierde Skoolraadskonferensie gehou. Die besluite op die eerste konferensie is grotendeels beliggaam in die taalordonnansie van 1911, 'n bewys dat die Rade 'n werklike mag in die land was. 'n Belangrike funksie van die Rade is die aanbeveling van onderwysers vir aanstelling deur die Departement. Ordonnansie no.7 van 1912 het neergelê dat hulle voortaan twee name moes voorlê, dog in die uitoefening van hierdie funksie het die Rade voortdurend met die Skoolkommissies in botsing gekom. In 1911 beskou die Direkteur die Skoolkommissies dan ook as 'n vyfde wiel aan die wa en meen hy dat die sienswyse van die Rade in alle belangrike sake deurslaggewend moet wees.

Die Beherende Liggame was van veel groter betekenis as die Skoolkommissies. Op 19 Desember 1911 is hersiene bepalings[30)] vir die samestelling en funksies van die liggame uitgevaardig, en in 1912 is hulle in werking gestel. Die funksies van die Beherende Liggame omvat byna alle sake in verband met die skool, behalwe die inwendige organisasie en dissipline wat by die hoof en personeel berus.

Gedurende die oorlogsjare (1914-1918) het daar weinig verandering in die plaaslike bestuur gekom. In 1917 was die aantal Skoolrade in die Transvaal 29, dog die distrikte was baie onewered ig ingedeel. Die Skoolraad van Wakkerstroom het slegs 7 skole met 351 leerlinge onder hom gehad, die van Potchefstroom 44 skole met 4,180 leerlinge en Rand-Sentraal 50 skole met 18,987 leerlinge. Die belangrikste werk van die Rade bly nog steeds: die oprigting van skole, die besteding van kleiner fondse (vir meubels, beurse, ens.) en die toesig oor verpligte skoolbesoek. Die werk bly nog steeds

---

30). Administrateurs-kennisgewing no.283.

aantreklik vir persone van die hoogste rang in die samelewing wat daaraan baie tyd en krag gratis kan gee. Van die werk van die Skoolkommissies hoor ons baie min, behalwe wanneer die Direkteur dit nodig ag om van botsings tussen die Skoolrade en Skoolkommissies melding te maak.

In 1918 het die aantal Beherende Liggame tot 10 gestyg en wel 8 in middelbareskole en twee in ambagskole. Die Beherende Liggame op Pretoria, Potchefstroom en Jeppe het elk toesig gehad oor twee "high schools", 'n seuns en 'n meisieskool. Die ander pasgestigte middelbare skole het nog onder die beheer van die Skoolrade gebly hangende die verslag van die „Provinsiale Onderwyskommissie", wat in 1917 benoem is.

Van twee aanbevelings wat hierdie Kommissie gemaak het, naamlik dat benoeming van onderwysers op aanbeveling van die Skoolkommissies i.p.v. Skoolrade moet geskied en dat beherende liggame, soos Skoolkommissies, onder die Skoolrade ingeskakel moet word, het niks gekom nie.

Gedurende 1922 is die aantal Skoolrade tot 32 vermeerder en die Uitvoerende Komitee het besluit om die aantal lede op 'n Skoolraad van 12 tot 9, en van 9 tot 6, te verminder, behalwe aan die Rand. As 'n ekonomiese maatreël is die Skoolbesoek-beamptes in 1923 afgeskaf. Dit was 'n agterwaartse stap.

Die sentralisasiebeleid is steeds gehandhaaf en die „Verslag van die Onderwyskommissie"[31] het 'n nuwe aansporing daartoe gegee. So het die Direkteur in sirkulêre no.1 van 1921 die Skoolrade daarop gewys dat 'n kragdadige poging aangewend moes word om uitvoering aan sentralisasie, sowel in die middelbare as in die laer afdelings van die skoolstelsel te gee.

---

31) Die Provinsiale Onderwyskommissie 1917.

(h) Adamson en die Leerplan.

"If it is clearly understood that a syllabus is but an orderly survey of the ground to be covered and a clue to possible ways of approach, there should be no danger of loss of freshness and originality from a careful consideration of it."[32]

In die lig hiervan is die leerplan slegs 'n wegwyser wat met wakkere oorspronklikheid 'n middel tot 'n doel is. Aan hierdie saak het Adamson veel aandag bestee. "In die laerskool is die leerplan georganiseer en gemaak tot 'n lewende instrument van onderwys, en dit is voortdurend gewysig na gelang van omstandighede."[33]

Tot op Junie 1909 was die "Kode" wat deur Fabian Ware in 1903 uitgevaardig is, met 'n herdruk daarvan in 1906, in die Transvaalse skole in gebruik. Die koms van die Smutswet in 1907 het baie veranderings in die skoolstelsels geverg en dit was vir Adamson 'n blye dag toe hy op 1 Junie 1909 kon aankondig dat 'n nuwe leerplan in terme van die nuwe Onderwyswet die lig gesien het. Hierdie wet se goeie werking was vir hom alleen moontlik as die inhoud van die onderwys daarvolgens in ons skole bepaal was. Die Direkteur vermeld dan ook dat die nuwe leerplan die vrug van die beste beskikbare brein van die tyd was, omdat dit in oorleg met die georganiseerde professies, die Raad van Onderwys, sowel as indiwiduele leerkragte, opgestel en algemeen goedgekeur was. Dit was dan ook 'n deeglike stukkie werk en die Direkteur was van mening dat dit vir baie jare as leidraad kon dien.

Vir Adamson was die doel van die onderwys, aanpassing tot drie wêrelde, soos hy dit noem, naamlik die natuur- die beskawing- en die sedelike ordes. In sy opmerking wys hy dan ook daarop dat hierdie drie aspekte deur sekere vakke tot sy reg moet kom. Die leerplan sluit dan in : die twee

32) The Individual and the Environment, J.E.Adamson, bls.122.
33) Onderwys in Transvaal, J.C.Coetzee, bls.168.

tale, Hollands en Engels, natuurkennis, aardrykskunde, geskiedenis, liggaamsopvoeding en sekere vorms van praktiese handewerk. Die leerplanne moet voorsiening maak vir opleiding in sekere werktuiglike kunste, waarneming, gevolgtrekking, en oordeel, lees, skryf en syferwerk. Die werktuiglike vakke soos spel, spraakkuns, en skryf moet aangevul word deur die vormende vakke soos godsdiens, geskiedenis, aardrykskunde, letterkunde en natuurkennis. Namate die werktuiglike vakke vanaf Std. I tot 6 in die laerskole afneem, moet die vormende vakke toeneem sodat dit as voorbereiding sowel as afronding in die laerskool kan dien. Ook moet middelbare onderwys meer vormend as formeel, en prakties sowel as voorbereidend wees.

Die aansluiting tussen die laer en middelbare onderwys moet gesond wees deur die leergange deurlopend te maak, sodat die laerskool by Std. V afsluit op sowat 12-jarige ouderdom. Die nuwe leerplan hou ook rekening met die toekomstige loopbaan van die leerlinge, met spesiale vakkeuses vir meisie Die leergange in die verskillende vakke is verder ook voorsien van uitvoerige besonderhede.

Die twee leervakke wat die meeste publieke opinie uitgelok het, was taal en godsdiens. Die godsdiensgeskille het reeds sy wortels van stryd sover as 1872 teruggeskiet, met die Burgers-onderwyswetgewing, en hoewel die S.J. du Toit-onderwyswet bevrediging gegee het, was die gevoelens nie alleen wakker nie maar ook teer oor hierdie saak. Die Smutswet het die godsdiens-onderwys as volg bepaal: in elke openbare skool sal die skooldag geopen word met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel, sal nie-verpligte onderrig in die Bybelse geskiedenis binne die eerste halfuur van elke skooldag gegee word deur 'n onderwyser op die staf

van die skool, en sal geen leer of dogma wat eie is aan enige godsdienstige gemeente of sekte, onderwys word nie.

In 1908-9 kon die Direkteur dan ook rapporteer dat godsdiensonderrig in die algemeen bevredigend opgelos was.

In 1911 is sekere wysigings in die regulasie vir laerskole vir blanke kinders aangebring, wat bestaan het uit 'n vereenvoudiging van die leergange in sekere vakke. Die rapport wat hierop deur die nuwe Raad van Onderwys uitgebring is, het tot 'n hersiene uitgawe van die leerplan vir buiteskole in 1913 gelei. Die doel hiervan was om die leergange so te vereenvoudig dat die onderwys soveel moontlik vir groepe georganiseer kon word en 'n uitvoerige leidraad aan die buite onderwysers kon verskaf om die onderwys te laat aanpas by die plattelandse omgewing. Om die ideaal van egte plattelandse onderwys te verwesenlik, beveel die Direkteur in sy verslag oor 1912 die oprigting van skoolplase aan. Die leerplanne vir „voortgesette onderwys" is in 1910 en 1911 ook deur nuwe bepalings in orde gebring.

Gedurende 1916 is die vraagstuk van die leergange verder beklemtoon deur die samesmelting van 'n volledige leerplan, wat vanaf die begin van 1917 in werking getree het. Dit is die eerste poging om leergange aaneenlopend saam te stel vir die tien jaar van Std. I tot X (Matriek).

Met die stigting in 1922 van intermediêre skole, d.w.s. sentrale inrigtings waar leerlinge die laer kursus vir 'n 7de en 8ste jaar kan voortsit, is verdere kursusse vir hierdie skole opgestel en saamgebundel in die uitgawe "Regulasies vir laerskole vir blanke kinders (dorpskole)". Hierdie kursus was spesiaal vir leerlinge wat nie wou deurstudeer tot by matriek nie en tog 'n meer uitgebreide laer onderwys verlang het, bedoel. Deur middel van die gewone skoolvakke sou godsdienstige en sedelike onderrig die grondslag van alle skoolwerk wees.

Toe die land in 1918 met die Spaanse Griep-epidemie geteister is, het die Direkteur voor die Epidemie-kommissie getuienis afgelê en 'n skema aan die hand gedoen waardeur eie versorging en hulp aan andere moontlik sou wees, ingeval so 'n epidemie weer sy verskyning sou maak.

Hy stel dan voor, 'n kursus in fisiologie en gesondheidsleer vir normaal- en gewone skole. Hierdie skema sou ook, volgens die Direkteur, in nie-blanke skole van nut wees.[34)]

(k) Adamson en die Eksamenstelsel.

1. Geskiedkundig:

Met die aanvaarding van sy amp as Direkteur van Onderwys, is die Transvaalse eksamenstelsel beheer deur die Sargant-onderwyswet van 1900, t.w. die eksamens moes ondergeskik gemaak word aan die onderwys in alle klasse van skole, deur 'n stelsel van openbare eksamens.

Onder die werking van die Smutswet, die eintlike Onderwyswet waaronder Adamson sy taak moes uitvoer, is die mag aan die Administrasie toegeken om van tyd tot tyd te voorsien in die reëling van al sulke eksamens[35)] as wat die Departement van Onderwys nodig geag het.

Aan hierdie vereiste van die Onderwyswet is dan ook voldoen deur die daarstelling van 'n eksamenstelsel vir alle onderwys wat onder die beheer en kontrole van die Departement ressorteer het. In die laerskool was aanvanklik die sisteem van persoonlike inspeksie deur 'n Inspekteur of amptenaar van die Departement in swang. Dit het 'n minimum van een jaarlikse besoek aan 'n skool vereis, sodat die amptenaar die eksamens kon afneem. Hierdie eksamen, in die verskillende klasse, het uit twee dele bestaan, nl. 'n mondelinge en 'n skriftelike deel.

---

34) T.O.D. Verslag 1918, bls. 221.
35) Hoofstuk I, art. 5(d) bls. 7 v.d. Onderwyshandboek.

In die middelbare skole is daar ook persoonlike mondeling inspeksies uitgevoer; aanvanklik deur die Direkteur self, later deur 'n spesiale Inspekteur, en uiteindelik deur die Kringinspekteurs met behulp van kollegas uit ander kringe, sowel as 'n skriftelike eksterne eksamen.

Die Departement het die eksamenafdeling onder 'n aparte amptenaar in die Onderwysdepartement gehandhaaf, in die persoon van mnr. H.S. Scott, as Sekretaris-eksaminator, 'n pos wat in 1917 onder mnr. R.G.L.Auston geplaas is. Die volgende voorsiening is deur die T.O.D. vir publieke eksamens gemaak:

Vanaf 1906 kon kandidate die laer-sertifikaat neem, terwyl die Kaapse matrikulasie die afsluitings-eksamen van die middelbare skole was, en die onderwysers derde- en tweede-klas-eksamens in die Normaalkolleges afgeneem is. Van 1908 neem die skoolsertifikaat-eksamen die plek van die laer-sertifikaat terwyl die skoolverlatings-sertifikaat-eksamen volgens Wysigingswet no.3 van 1909 vir die 6de en 7de standerd bygevoeg is.

In 1917 het daar 'n belangrike verandering in die eksamenstelsel gekom: in die jaar is in die lewe geroep die "Gemeenskaplike Matrikulasie Raad", 'n liggaam vir die beheer van die toelatings-eksamen tot die universiteite. Die middelbare skole is op die Raad verteenwoordig en het so medeseggenskap gekry in die beheer van die eind-eksamen van die middelbare onderwys. In 1918 was 'n belangrike ontwikkeling in die organisasie van die eksamenstelsel, die voltooiing en in-werkingstelling van die skema vir 'n eie skoolsertifikaat-eksamen in die plek van die ou Kaapse matrikulasie. In 1920 het die Gemeenskaplike Matrikulasieraad die skema van die Transvaalse Onderwysdepartement vir 'n Middelbare Skool-Sertifikaateksamen aanvaar. Dit sou 'n interne eksamen wees

en uit twee dele of trappe (vorms IV en V) bestaan. Die skoolrekord sou in aanmerking geneem word, die T.O.D. sou sy eie eksaminatore benoem, wie se werk deur 'n eie Raad van Moderatore beheer sou word, en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad sou ook deur sy Moderator die nodige toesig uitoefen. Aan die end van 1920 is die eksamen vir die eerste trap en aan die end van 1921 reeds in albei trappe afgeneem. Adamson was dus verantwoordelik vir die instelling van 'n eie eindeksamen.

Gedurende 1921 is verder ook sekere wysigings in die eksamenvakke vir die Hoërskool-eksamen aangebring. Onder andere is sekere wysigings in die eksamenvakke en die skoolrekord aangebring, en sou ook 'n mondelinge toets voortaan vir hierdie eksamen van krag wees.

Die snelle groei van die onderwys het die taak van die Std. VI-eksamen ook baie omvangryk gemaak. Waar hierdie eksamen ingestel was om die peil van laer onderwys te skep en te handhaaf, sou dit voortaan die eerste afsluiting van studies onder die Transvaalse Departement word en wel as die Laerskool Sertifikaateksamen. Vanaf 1923 is sekere wysigings in hierdie eksamen aangebring: Geskiedenis is as verpligte skriftelike eksamenvak uitgeskakel en vir die behaling van die sertifikaat moes kandidate voortaan in die eksamen slaag in die eerste taal, rekene en twee vakke uit : die tweede taal, geskiedenis, aardrykskunde en natuurwetenskap. Standerdsessers, wat na 'n middelbare skool wou gaan, hoef die eksamen nie te skryf nie, slegs die skoolverlaters. Eersgenoemdes moes 'n toelatingseksamen aan die end van die kursus van Std. V aflê. Vir buiteskole is die L.S.S.E. beperk tot Engels, Afrikaans, rekene, meetkunde of natuurkennis.

Wat die opleiding van studente aan tegniese inrigtings betref, is 'n reëling gemaak vir jaarlikse eksamens in die verskillende rigtings, o.a. huishoudkunde, handelskursusse en

handwerkrigtings.

2. Adamson en eksamens.

In enige onderwysstelsel is daar behoefte aan 'n sisteem waardeur die resultate van die werk behoorlik en deeglik getoets en gemeet kan word. Derhalwe is daar gewoonlik wetlike regulasies en prosedures in swang, wat die soorte eksamens, sowel as die wyse van uitvoering en toepassing, bepaal. Oor die wyse van toetsing word daar baie en uiteenlopende menings op nagehou, dog alle opvoedkundiges handhaaf blykbaar gemeenskaplike ooreenstemming dat die een of ander toets-sisteem noodsaaklik is om die kennis van lerende groepe, sowel as die geskiktheid van die leergangsvereistes, te weeg.

As hoof van die T.O.D. het Adamson jaarliks in sy amptelike hoedanigheid o.a. ook 'n verslag uitgebring oor die verskillende eksamens wat onder die beheer van sy Departement gestaan het en gedagtes uit die verslae gee ons 'n heldere beeld van sy persoonlike opvattings oor die saak.

'n Eksamen, hoe volmaak dit ook al in sy tegniek en toepassing is, kan nooit 'n maatstaf van absolute juistheid wees nie, omdat verskeie onbepaalbare faktore gewoonlik aanwesig is. As 'n algemene maatstaf het dit daarenteen egter baie voordele, want as die doel van eksamens nagegaan word, vind ons dat dit 'n standaard vaslê, dat dit die werk van die betrokke groepe sowel as die van die leerkragte en die kode self toets en 'n oordeel vel oor die gepastheid of andersins van die metodes van onderrig.

Wanneer opvoeder en opvoedeling op so 'n wyse deur 'n eksamenkoors beetgepak word dat die doel van onderwys en deeglike omvangrykheid van kennis daardeur verduister word, dan word 'n eksamen 'n opvoedkundige dief. Dan word die deurkom van 'n eksamen tot 'n enge opvoedingsdoel verhef en sulke wanpraktyke soos blokwerk en drilmetodes neem die

plek van eerlike, deeglike en sistematiese onderwys, wat kennis vir die eksamen sal ontwikkel omdat dit werklik en sistematies is. Hoe meer 'n eksamen 'n skool se aktiwiteite domineer i.p.v. stimuleer, hoe minder is die ontwikkeling van krag en persoonlikheid en faal dit in sy vername taak om aanlegsrigting te bepaal.

Watter soort eksamenkuns word dan wel voorgestaan? "We do want examination craft in so far as it means orderliness, readiness, clearness, point and such like characteristics"[36]) Daarby speel skrif en algemene netheid, spelling en heldere en duidelike uitdrukkingsvermoë, 'n vername rol, want per slot van rekening is die deurkom van 'n eksamen van baie minder belang as die kennis, metodes en vermoë van die kandidaat omdat die status van 'n eksamen op die algemene bekwaamheid van die produk.berus.

Aan die ander kant spreek dit egter vanself dat die eksamen outoriteite die nodige reëlings en voorsorg moet tref vir die handhawing van deeglike regverdigheid. Dit sal dus nodig wees om sorg te dra dat deeglike kontrole, juiste keuse van eksaminatore, sowel as die sensuur van 'n Raad van Moderatore in ag geneem moet word, sodat 'n gesonde opvoedkundige standaard steeds gehandhaaf bly.

Om dan Adamson se finale opvatting omtrent die beste wyse van toesig te stel, glo hy in 'n eksamenstelsel wat 'n drieledige aard openbaar:-

(i) 'n Eksterne eksamen, gekontroleer deur 'n Moderateur wat ten minste nasionale status en erkenning geniet; eksaminatore met tegniese sowel as ervaringskennis van die vermoë van die kandidate-groep en hul studieveld; en die geleentheid om aanvullings-eksamens te skryf.

(ii) 'n Interne eksamen, behoorlik gekontroleer en beheer in elke inrigting. In beide gevalle moet daar met die ontwikkelingspeil van die leergroepe rekening gehou word sodat die eksamenbeginsel in 'n gewone skool bv. as volg opereer:

36) T.O.D. Verslag 1911 bls. 146.

Tot en met Std. I moet die onderwys van 'n voorbereidende aard in die instrumentele vakke wees; tot en met Std. IV word daar drilwerk in die meganiese grondslae van die onderwys gedoen, terwyl daar na Std. IV met die vormende studie-vakke gewerk sal word. Die interne eksamen hou dan rekening met die grondeise vir hierdie ontwikkeling.

(iii) Verbonde aan hierdie twee eksamens, moet daar by die finale berekening van die kandidaat se prestasie rekening gehou word met sy jaarrekord, omdat dit die beste verslag van sy getrouheid as gereelde werker is.

Vir Adamson behoort eksamens dus die maatstaf te wees wat standaarde en metodes vaslê, wat die gehalte van die werk sowel as die geskiktheid van die leergange toets, wat in sy gebalanseerde en doelbewuste werking ware kennis stimuleer, aanlegsrigting sal aantoon, en die ontwikkelingspeil van meedingende groepe sal respekteer.

(1) Studiebeurse.

1. Agtergrond.

Die Sargant-onderwyswet beoog staatsteun vir onderwys aan elke Europese kind, met spesiale beursvoorsiening vir buitegewone knap leerlinge. 'n Beleid van vrye laeronderwys vir Europese kinders met genoegsame fasiliteite vir hoër en tegniese onderwys, sowel as die opleiding van onderwysers word voorgestaan, terwyl die sentralisasiegedagte in 1903 die saak van koshuise en vervoer van leerlinge na vore gebring het. Reeds in Desember van 1903 het die Onderwysdepartement besluit om self koshuise op te rig, om verdere toekenning van losiesbeurse te maak en die vervoer van leerlinge te verbeter.

2. Die Adamson-tydperk.

Die toekenning van losies-, studie-, merite- en vervoerbeurse het sy oorsprong in die sentralisasiegedagte. 'n Dunbevolkte platteland met 'n groot aantal klein skooltjies en 'n middelmatig opgeleide personeel, het die onderwysowerhede genoop om die kind na die skool en nie die skool

na die kind te bring nie, d.w.s. die beleid wat voorgestaan is, is die van sentralisasie van skole, sodat die aantal skole verminder kon word en die leerlinge deegliker onderwys in 'n kleiner aantal sentrale skole kon ontvang. Die Smuts-onderwyswet bepaal dan ook dat voorsiening vir vervoer, koshuise en studiebeurse gemaak sal word om aan hierdie beleid uitvoering te gee.[37] Wet No. 3 van 1909 magtig die Minister van Onderwys om koshuise op te rig en te onderhou, terwyl die Skoolrade die vervoer van leerlinge deur kontrakte of vervoerbeurse en die toekenning van losiesbeurse in hande sou neem.

Volgens artikel 28 van die Onderwyswet[38] is geldelike steun ook moontlik gemaak vir skole, klasse of inrigtings vir kleurlingkinders.

Dat hierdie stelsel duur en beswaarlik op ekonomiese gronde geregverdig kon word, blyk uit die indrukwekkende syfers van die Direkteur se jaarverslag van 1910: 1,000 transportbeurse, 1,154 losiesbeurse, 2,967 vervoergeriewe, 5,121 leerlinge en £16,963. 9. 6 uitgawe.

Dis egter duidelik dat dit hier nie so seer om ekonomiese redes as om die beleid van sentralisasie gegaan het nie, want die Direkteur het reeds in 1907-8 aan die hand gedoen dat die behoeftigheids-vereiste van ouers om beurse te kry geskrap word as die sentralisasie van skole maar daardeur kon baat.

Die transport-sisteem wat in swang was, was die donkievervoer wat in 1910 ook reeds die donkiekar op die skoolpaaie van die Transvaal 'n tradisie gemaak het. In 1912 is die beurstoekennings op die nuwe Std.VI-eksamenuitslae gebasseer en £2,000 is aan die Skoolrade vir die doel beskikbaar gestel en proporsioneel volgens skoolpopulasie per distrik verdeel. Dat hierdie bedrag ver te klein was, blyk uit die feit dat

37) Smutswet, Hoofstuk I, artikels 3-6.
38) Ibid.

daar in 1912 slegs 91 en in 1913, 81 beurse toegeken is.

In die geval van sekondêre onderwys was daar aan elk van die vyf groter skole van Pretoria en Johannesburg twee interne beurse van £45 elk toegeken, terwyl die twee kleiner skole in Potchefstroom slegs een elk ontvang het. Die Direkteur ag hierdie soort beurse egter van belang omdat dit gesonde interne kompetisie in die hand werk.

Die toekenning van sekondêre beurse op die Std. VI en VII eksamenuitslae het egter ondoeltreffend gewerk en derhalwe het die Inspekteurskonferensie besluit om op die volgende grondslag te werk te gaan, nl.:-

(i) Totale aantal punte verkry.
(ii) Die ouderdom en die standerd van die kandidaat.
(iii) Die algehele geskikteheid van die kandidaat.

Hierdie sisteem sou kompetisie stimuleer in elke Skoolraadsdistrik, en die beste materiaal van die stad en die platteland bymekaar bring. Die bedrag van hierdie beurse was £30 per jaar. 'n Deel van 'n beurs is dikwels toegeken as die ouers van intelligente kinders self 'n deel kon bydra.

Die beurssisteem van primêre onderwys was van toepassing op leerlinge wat buite die 3 myl radius van 'n skool gewoon het, en wel as volg:-

(i) 6d per dag per kind aan die persoon wat die leerlinge na die skool vervoer.
(ii) 1/- per dag per leerling aan die persoon wat die leerlinge loseer naby die skool.
(iii) Staatsvervoer bv. per trein.

In 1914, lees ons, was daar reeds meer as 4,000 transportdiere[39] deur die Onderwysdepartement aangekoop. In 1916 is onder sekere voorwaardes, soos geskikte geboue, openbare inspeksie ens., 'n toelae aan privaat skole toegeken[40].

In 1918 beloop die totale bedrag van beurse reeds £18,250 en die vervoermiddels in gebruik, was die spoorweg, lasdiere en karre. Uit 33,697 plattelandse leerlinge ontvang 13,759

39) donkies.
40) Ordonnansie no. 16/1916.

leerlinge geldelike hulp deur middel van losies- of transportbeurse. Hiervan was 4,386 in besit van losiesbeurse, 2,930 is deur gehuurde transport vervoer, terwyl 6,499 deur Skoolrade vervoer is.

"It will be seen what an important part this bursary fund plays in building up and maintaining the system of central schools in the country districts."[41]

Waar daar ôf deur Rade ôf deur Beherende Liggame rapporte ingedien moes word in verband met beurs-kandidate, was dit nie die geval met voornemende normaalstudente nie, omdat die opleiding van onderwysers 'n nodige en nuttige staatsfunksie was.

In 1918 het 11% van die hoërskool-leerlinge beurse ontvang; 63% van die leerlinge in Hollandse- en Ambagskole het staatssteun geniet, terwyl 40% van die primêre leerlinge in besit van beurse of vervoergeriewe was. In 1920 beloop die beursfondse reeds £24,112. 12. 4 en in 1921 sê die Direkteur weer: "Transport and boarding are the two main ways of carrying out the policy of centralization in the country schools."[42]

3. Spesiale Adamson-beurse.

(i) "The Lady Adamson Bursary or Prize."

Die Turffonteinskool wat in 1902 gestig is, later die "Turffontein Central Intermediate School" is in 1934 verdoop tot die "Sir John Adamson School". In 1938 het hierdie skool die status van 'n junior hoërskool gekry. Sir John het nou 'n bedrag van £100 aan die skool bemaak wat in 'n 3½% oorlogslening belê is. Twee beurse of pryse van £2 en £1½ word jaarliks aan die twee beste leerlinge uitgeloof op grond van hul prestasie-vermoë en leierskap. Die beurs word genoem "The Lady Adamson Bursary or Prize".[43]

---

41) Jaarverslag 1917, bls.19
42) Jaarverslag 1921, bls. 28.
43) Persoonlike brief ged. 24.10.42.

(ii) Die Adamson Beursfonds.

Met die uitdienstreding van Sir John E. Adamson as Direkteur van Onderwys in die Transvaal, het die gesamentlike komitee van die drie Transvaalse onderwysverenigings 'n studiebeursfonds, ter ere van die afgetrede Direkteur, in die lewe geroep.

Die fonds is deur vrywillige bydraes byeengebring en teen die lopende rentekoers in belang van "DIE ADAMSON BEURSFONDS", belê.

Die fonds word beheer deur drie gevolmagtigdes bestaande uit die voorsitters van die drie onderwysverenigings. Behalwe die gewone, algemene, beskermende voorwaardes word hierdie beurs, op grond van merite vir twee jaar toegeken aan ex-matrikulante wat 'n Transvaalse Normaalkollege besoek om as onderwyser(es) te kwalifiseer. Die jaarlikse bedrag is nou sowat £10.